## Strategieë vir die bevordering van Latyn as

## hoërskoolvak in Transvaal

Daar is reeds in die Desember 1990-uitgawe van *Akroterion* melding gemaak van die *SPQR-dag* vir hoërskoolleerlinge en die *Schola Latina* vir laerskoolleerlinge wat deur die Departement Latyn, U.P., aangebied word (Schumann 1990:137).

Die Departement het egter tot die besef gekom dat dit ook belangrik is om twee verdere belangegroepe te bereik, naamlik die vakvoorligters en die Latynonderwysers.

In die Transvaal word leerlinge oor hulle vakkeuses vir die hoërskool geadviseer deur vakadviseurs van die T.O.D., asook deur die Departementshoofde Opvoedkundige Leiding van die skole. Hierdie persone is almal in uiters invloedryke posisies en kan in werklikheid 'n groot uitwerking hê op die Latyngetalle van die hoërskole.

Gevolglik is daar op 15 Augustus 1990 'n *Inligtingsdag* by die Universiteit van Pretoria gehou waarheen al hierdie persone sowel as skoolhoofde, Latynonderwysers en Standerd 4-7 leerlinge en hulle ouers uitgenooi is. Die geleentheid is bygewoon deur sowat 200 mense.

Die program het die vorm van 'n paneelbespreking aangeneem met die volgende persone uit professionele en akademiese geledere as sprekers:

| | | |
|---|---|---|
| Sy Edele Regter D.H. van Zyl | - | Regsgeleerde |
| Mnr. Alewyn Burger | - | Argitek |
| Mev. Ria Snyckers | - | Opvoedkundige |
| Prof. Piet van der Merwe | - | Teoloog |
| Dr. Joke Duminy | - | Medikus |
| Mev. Corrie Schumann | - | Latyndosent, U.P. |

Elkeen van die sprekers het op 'n treffende en oortuigende wyse uiteengesit wat Latyn vir hulle op hulle onderskeie terreine asook in hulle persoonlike lewe beteken het. Die gedagte van "Back to Basics", wat al so 'n algemene begrip in die V.S.A. en elders geword het, is deur verskeie van die sprekers aangeroer en bepleit. Dit is opvallend dat persone wat ten nouste gemoeid is met die sekondêre onderwys in Suid-Afrika nog nie eintlik kennis geneem het van, of erns maak met die probleem van "kulturele ongeletterdheid" nie. Daarenteen word dit reeds geruime tyd deur universiteitsdosente as een van die groot knelpunte in die onderwys beskou. In die wydgelese werke van Bloom (1987) en Hirsch (1988) word die verskraling van leerlinge se kennis van die Westerse verwysingsraamwerk uitgewys as een van die grondoorsake van die agteruitgang in die onderwys in die V.S.A.

Die gaste het daarna ook geleentheid gehad om klasse van die *Schola Latina* te besoek en was verstom oor die kennis en entoesiasme wat die laerskoolleerlinge ten opsigte van Latyn openbaar het.

 http://akroterion.journals.ac.za/

'n Latyn-inligtingsbrosjure is vir die geleentheid opgestel en dit word nou op groot skaal na die laerskole gestuur in die hoop dat sommige Standerd 5 leerlinge beïnvloed kan word om Latyn as vak vir die hoërskool te kies.

Etlike van die voorligters het na afloop van die byeenkoms gesê dat hulle dit baie insiggewend gevind het en daar beslis vir hulle nuwe perspektiewe oopgegaan het ten opsigte van Latyn as dinamiese skoolvak wat nog van groot waarde kan wees vir die hedendaagse Suid-Afrikaanse leerling.

Een van die strategieë wat deur mev. Corrie Schumann (1990:136) voorgestel is vir die bevordering van Latyn, is dat daar opknappingskursusse in die vorm van die Amerikaanse "summer schools" vir Latynonderwysers deur die universiteite aangebied word. In dié proses word ook nouer kontak tussen universiteitsdosente en onderwysers bewerkstellig wat net bevrugtend kan wees vir die onderrig van die vak. Reeds in 1989 het U.P. 'n uiters geslaagde *Winterskool vir Latynonderwysers* aangebied. Dit het soveel byval by die onderwysers gevind dat daar weer 'n byeenkoms, hierdie keer 'n *Lenteskool*, op 19 Oktober 1990 aangebied is. Dit is bygewoon deur 45 onderwysers en dosente.

Die program was só saamgestel dat die maksimum geleentheid gebied is vir onderwysers om te praat oor knelpunte in die onderrigsituasie. Die hoofafdeling van die program was dan ook 'n paneelbespreking oor die onderwerp "*Latyn, Quo Vadis?*" Die inleiers was prof. Pieter Maree (R.A.U.), lid van die Vakkomitee vir Latyn, en dr. Elena Thomas, 'n Latynonderwyseres met baie jare ervaring wat haar opleiding in Rome ontvang het. Die hele spektrum van die Latynleerplan is aangeraak en indringend bespreek, en daar is ernstig besin oor die relevansie van ons vakinhoud vir hedendaagse skoliere. Verdere lesings op die program was:

- Mr Rory Boyle, St Martin's School - The positive aspects of teaching Latin up to matric through the use of *Ecce Romani*.

  Mev. Marié Schoeman, U.P. - *Kreatiwiteit in die onderrig van die Latynse letterkunde*.

  Prof. Jan Scholtemeijer, U.P. - *Die Romeinse Teater* - tema vir Standerd 9 en 10, 1991-1992.

  Mev. Martie Grobbelaar, Buro vir Kurrikulering en Evaluering - *Die Nuwe Sillabus* (*1991*-).

Daar was ook kort insetsels deur mej. Ria Crafford (Nasionale Filmoteek), mev. Marie van Schalkwyk (T.O.D. Mediadiens) en mej. Dalene Visser (Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria). Laasgenoemde se leerlinge het met 'n poppespel gedemonstreer hoe 'n les in die mitologie aanskoulik en eietyds aangebied kan word.

Die program het oor 'n Vrydagmiddag en -aand gestrek en veral die gesellige saamverkeer by die ete was vir die onderwysers baie aangenaam. Almal het mekaar beter leer ken, en die samehorigheidsgevoel van Latynonderwysers in Transvaal is na dese uitstekend.

http://akroterion.journals.ac.za/

Ons is almal oortuig dat dit van die grootste belang is dat almal wat betrokke is by Latyn sal saamstaan en gemotiveerd sal wees vir die stryd om die voortbestaan van die vak.

*Vivit Lingua Latina*!

## BRONNELYS


Bloom, A. 1987. *The closing of the American Mind*. Harmondsworth: Penguin.

Hirsch, E.D. 1988. *Cultural literacy: What every American needs to know*. New York: Random House.

Schumann, C.J. 1990. "Latinae Linguae Hereditas Gentium" - strategieë uit die V.S.A. vir 'n renaissance in Latyn. *Akroterion XXXV* 3/4, 134-137.



**Marié Schoeman, Universiteit van Pretoria**


## Certamen Latinum - The Latin Olympiad

## - to become a biennial event

As was reported in the December issue of *Akroterion*, C.A.S.A. has launched a country-wide Olympiad for Latin. Prizes range from two colour computers with printers, kindly donated by *Professional Computer Manufacturers*, to scholarships to South African universities, to be funded by *Penguin Classics*, *Academica Publishers* and C.A.S.A., with support from the *Tria Saecula* educational fund of Stellenbosch University Latin Department. The co-operation of Southern Sun, Cape Town, Transnet, Intercape Transport, the sponsoring publishers and Trust Bank, Stellenbosch Branch, has made possible the arrangement of an overnight stay in Cape Town at the Inn on the Square and a prize-winning party to be hosted by the Cape Town Branch of C.A.S.A. in late July or early August.

At the recent Biennial Conference held at U.C.T., it was unanimously decided that the scholarship fund instituted for the 1991 *Certamen* will be ratified as a permanent C.A.S.A fund, and that the *Certamen* will become a biennial event. As pupils in Stds 9 and 10 compete separately and prizes will be awarded in each standard, this will mean that from henceforth all senior pupils will have the opportunity to participate in this prestigious exam.

The 1991 examiners' team is led by Mrs Carina Malan U.S. and the facilitator is Dr Jo-Marie Claassen, also of U.S.

Enquiries may be addressed to her at the Department of Latin, Private Bag X5018, Stellenbosch 7600, or (02231) 773138 or 773573.



http://akroterion.journals.ac.za/